



Reik uit na ons bejaardes

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

In die ou begraafplaas in Fochville is 'n grafsteen met hierdie bewoording as vermaning: *Liewe leser, wat jy nou is, was ek eens. Wat ek nou is, sal jy eens wees.*

So is die ouderdom. Dit kom meestal stadig en ongemerk vir baie en gepaard met allerhande weeïghede. Daar is by sommige mense 'n halsstarrige weiering om dit te erken en te aanvaar. Gehoortoestelle, kieres en grys hare word nie so gelate aanvaar soos brille en kunstande nie.

As ons oplet, sien ons die dinge met mense gebeur, maar ook hoe dit ons geliefdes bekruipt. Die behoeftes van die bejaardes is egter nie altyd so sigbaar nie, en meestal word dit weggesteek met die standpunt van: *Ek wil tog nie vir iemand 'n las wees nie.*

Dit is een van die moeilikste dinge vir 'n bejaarde om te sien hoe 'n lewensmaat se gesondheid en vermoëns gaandeweg agteruitgaan. Pyn mergel nie net die lydende uit nie, maar ook die maat. En as die dood intree, sê ons dikwels: *Ag, dit is 'n verlossing.* Maar daardie gemis gaan nooit weg nie. Die plek in die dubbelbed word leeg en koud. Kinders en kleinkinders is ver, of in die buiteland, en kan nie kom kuier nie. Van gewone familie-omgee is daar nie sprake nie. Dit roep om ons aandag.

Noodsaaklike items word hand oor hand duurder, en die pensioen groei nie. Voorsiening wat gemaak is, blyk onvoldoende te wees. Doktersbesoeke word vermy omdat die mediese fonds se drempel gou oorskry word. En nou nog die vrees vir Covid! Wat kan ons doen?

Aankope van kruideniersware word moeiliker. Lank staan by die betaalpunt word 'n pyniging. Help gerus daarmee.

Mobiliteit word ingekort omdat die bestuurslisensie nie hernu kan word nie vanweë onvoldoende sig. Dan word daar onwettig nog bestuur, *maar net op die bekende paaie!*

Die grendeltyd het kerkbywoning moeilik gemaak, maar gelukkig is daar allerhande uitsendings van preke en oordenkings wat gevolg kan word. Dit kan egter nie die belewenis van mekaar se teenwoordigheid vervang nie. *Is dit 'n risiko om by vriende te gaan kuier? Wil hulle my sien?* Besoeke aan eensames word hoog waardeer.

Die veterane van die Grensoorlog en hul geliefdes wat tuis gebly het, is nou ook die ouer wordende geslag. Baie van hulle het die na-spooksel van gruwelike ervarings wat 'n rustige slaap onmoontlik maak. Reik uit na hulle.

Dit pas ons as gelowiges om mekaar se behoeftes raak te sien en die laste te help dra, te meer nog dié van die bejaarde. Matteus vertel toe die Here Jesus Christus en sy dissipels na 'n stil plek gegaan het, het mense hulle gevolg. Jesus het Hom ontferm en siekes onder hulle gesond gemaak. Toe dit aand geword het, het die dissipels die mense se behoefte raakgesien en gevra dat Jesus hulle moet wegstuur dat hulle kos kan gaan koop. Maar Jesus sê vir hulle: *Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet.*

So mag ons nie die behoeftes van ons naaste ignoreer of wegwens met 'n *Stuur hulle weg!* nie. Die duidelike opdrag is: *Doen jý vir hulle wat nodig is.* Kyk wat die behoeftes van ons bejaardes is. Doen, met wat in jou vermoë is, iets daaraan. Die bietjie wat jy het, kan deur die werking van die Heilige Gees in die lewe van die ouer mens baie word.

Ds Wilhelm Steyn, Emeritus

*** 15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: *Tooi Turkoois vir Bejaardes*

Lief en leed



Ds Buks van Heerden



Dr Ernest Marran



Oudl Fred Paynter



Ds Johann de Bruin



Ds Eksteen Botes

- **Ds JH (Buks) van Heerden** (75, emeritus) is met keelkanker gediagnoseer en het pas begin met bestraling en chemoterapie. Daar is ook 'n stent in sy slukderm geplaas sodat hy voedsel kan inneem. Ons bid hom beterskap toe, en die Heer se krag vir hom en sy vrou, Alta.
- **Dr EB (Ernest) en mev Roelien Marran** van Gemeente Losberg het albei Covid-19 opgedoen. Ons bid hulle spoedige en algehele herstel toe.
- **Oudl FJ (Fred) Paynter**, lid van die Kommissie van die AKV, ondervind tans gesondheidsprobleme. Ons wens hom spoedige beterskap toe.
- 'n **Roudiens vir dr Hannes en Ibel Beukes** (oorlede op 18 Maart 2020) word beplan vir **7 Julie om 11:00 in Bethal**. Persone wat die diens fisies wil bywoon, moet asseblief voor 25 Junie hul naam en kontaknommer stuur aan prof Bieks Beukes by beukesm13@gmail.com / 072 036 4960. Die diens sal ook elektronies uitgesaai word. Besonderhede sal later bekendgemaak word. Die diens word gelei deur ds Etienne Fourie van Gemeente Kempten.
- **Ds CJ (Johann) de Bruin** vier sy **25-jarige ampsjubileum op 20 Junie om 09:00** in sy tuisgemeente, Wonderboom-Suid. Besoekers is welkom – laat weet net by 082 733 3951. Ds Johann is op 23 Junie 1996 in Witpoortjie georden, bedien daarna Brakpan, toe Heilbron, en tot 2012 Wonderboompoort. Tans is hy met siekte-emeritaat en deel sy liefde vir kerkgeskiedenis by die SP Engelbrecht-museum.
- **Die volgende predikante verjaar tot 4 Junie 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (69) (emeritus/Newcastle)
 - Vrydag 28 Mei: Ds PA (Paul) van Jaarsveld (30) (Wapadrant)
 - Saterdag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen (45) (buiteland)
 - Vrydag 4 Junie: Di TF (Thomas) Joubert (63) (Swellendam) en CAA (Tiaan) Loedolff (35) (Vaalwater)

Gemeentes en bediening

- **Ds MCE (Eksteen) Botes** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Gobabis (deeltyds).
- 'n Lidmaat van **Gemeente Vliegpoort in Thabazimbi** bou tans 'n kerkie op hul plaas. Hulle benodig die volgende vir ongeveer 50 persone: ou kerkbanke, 'n klok en 'n podium. Kontak mev Juline Mulder by nhkvliege@lantic.net / 082 251 0206 / 063 930 3696 indien u kan help.
- **Gemeente Heilbron** wil graag hul breekware aanvul. As daar gemeentes is wat **agtkantige breekware** het wat hulle nie gebruik nie of wil verkoop, kan hulle Magda Bierman kontak by 083 292 1503. Die gemeente benodig 70 eetborde en 50 kleinbordjies (alles agtkantig).
- **Gemeente Wonderboom-Suid** (gestig 21 Junie 1970, kerk gebou 1974) beoog om met onder andere 'n gedenkbundel die gemeente se 50 plus bestaansjare te gedenk. As u oor ou foto's beskik, soos troufoto's in en by die kerkgebou, begrafnisfoto's, doopfoto's, katkisasie, kerkraad, NHSV, ensovoorts, skandeer dit en stuur dit asseblief aan ds C Johann de Bruin by cjdb@boomaap.co.za of skenk dit aan die gemeente vir uitstalling. Oudlidmate word ook genooi om staaltjies neer te skryf of op te neem en te stuur, selfs stemboodskappe, na 082 733 3951. Interessantheide oor die bou van die pastorie en kerk, basaars, eredienste, dominees en so meer is baie welkom. Ons sien uit na u bydraes!
- Besoekers kan afspraak maak met **ds C Johann de Bruin** om ons Kerkmuseum, **die SP Engelbrecht-museum**, in Eloffsdal, Pretoria te besoek. Skakel of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 082 733 3951. Die Museum word per afspraak oopgemaak; reël net 'n dag of twee vooraf. R25 per persoon.

- **Vakante werkrumte.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, vir **Gemeente Ermelo** wat op 31 Augustus 2021 vakant raak.

Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1909 en is een van twee NHKA-gemeentes in Ermelo. Die sieletal is tans ongeveer 312. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n groot aantal lidmate in die ouderdomsgroep 35-60. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ruim pastorie.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Liturgies deurdenkte, goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente kan van aansoekers verwag om 'n erediens in die gemeente waar te neem gedurende die tyd van vakantskap.

Posbeskrywing: Dit is 'n voltydse standplaas wat van die predikant alles verwag soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal volgens die skale en Kerkorde van die Kerk bereken en hanteer word met inagneming van die aantal jare diens. Dit kan insluit gratis inwoning in die pastorie en munisipale koste, of dalk 'n subsidie vir eie behuising. Diensaanvaarding is so gou moontlik nadat die standplaas vakant geraak het.

Aansoeke sluit op 30 Junie 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, ermelo@nhk.co.za of rouxandry@gmail.com. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevertoeg.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Beplande vergaderings

- | | |
|----------------------|-----------------------|
| • Donderdag 27 Mei: | Pensioenvergaderings |
| • Vrydag 28 Mei: | Raad van Finansies |
| • Donderdag 3 Junie: | Kommissie van die AKV |
| • Vrydag 4 Junie: | Kommissie van die AKV |

Kerklike publikasies

- In die **Junie 2021-uitgawe van Die Hervormer** skryf **dr Piet van Staden** oor die Heilige Gees, God se stuwende krag wat mense se lewens belyn met die waardes van God. Ons fokus ook op die **migrasie van ons predikante tussen kerke**, en **dr Wouter van Wyk** verduidelik hoe die samewerking oor kerkgrense heen getuig dat ons geloof in Jesus



Christus hoop bied vir die wêreld. **Dr Chris le Roux** van Stellenbosch/Worcester skryf oor sy proefskrif vir 'n PhD in Semitiese Tale, en **ds Henk Labuschagne** vertel meer oor die kursus in korttermyn terapie wat deur die Sentrum vir Gemeentelike Bediening aangebied word. Die **Junie 2021-uitgawe van Die Hervormer** is die tweede uitgawe wat vanjaar gedruk word. Die drukwerk geskied tans *ad hoc*, afhange van die Covid-inperkingsvlakke. Die artikels van elke uitgawe word **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.

- In die **2021 Herfs-uitgawe van Vroueflitse** gaan die NHSV voort met 'n reeks artikels gemik op geestesgesondheid. **Ds Janine Bevol-Manders** se artikel *Raad vir ouers wanneer hul kind tekens van depressie toon* volg op haar vorige artikel, *Depressie vra nie wie jy is nie* (sien *Vroueflitse* Somer 2021-uitgawe). Sy gee waardevolle inligting en raad vir ouers, met praktiese voorbeelde van hoe sekere situasies hanteer kan word. **Mev Mari-lizé Beukes** deel interessante navorsing in *Gesonde eetgewoontes – waar begin ek?* en verduidelik hoe klein veranderinge jou gesondheid positief kan beïnvloed. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



'n Gedig

mondig

droom die ander nag van hansie en kie-hulle se plaas hy is deesdae hannes maar die plaas steeds gezina;
 in die droom weer die lande onderkant die huis vol gekrulde kontoere en hoe ons met die ferguson heen en weer 'n aanval loods op die grond;
 hoe die soorie oopskuif en my slaap na daardie turf verlang; al van en vannag trurat tot angs. in nou sou die lande 'n oop veld wees;
 hansie se ma en pa stof; die huis met sy eienaardige reuk 'n murasie;
 en die res van asem oorlye wat die aarde vermaak met woede-uitbarstings.
 en was daar wolke wat wit in die bolug roer soos die wimpers van 'n merino;
 totdat dit skemer en elke slaap 'n knop in die keel laat; 'n holte vir weerlig en die buurplaas se lande; donker onder 'n mens se lippe soos leë kamers wat vorder tot 'n ruïne; en die stilte van trekkers mondig soos komende rampspoed;
 'n lugspieëling agter my; en agter my ooglede

Gilbert Gibson

(LitNet-nuusbrief 832, 13/01/2021)

Toerusting

- Opnames van die **internasionale konferensie** *The Origin of the Sectarian Movement in the Dead Sea Scrolls*, wat van 11 tot 13 Mei virtueel deur die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie en Religie aangebied is, is **hier** beskikbaar.
- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) en Voortgesette Toerusting Kerkraad (VTK)** vind as gevolg van die Covid-19-pandemie **weer aanlyn** plaas en word vir die laaste ses maande beplan. Ons het besluit om vanjaar oor trauma te handel met 'n voorlopige tema: **Heilige veerkragtigheid – hoop vir 'n getraumatiseerde gemeenskap**. Die temas en datums van aanbiedinge sal eersdaags deurgegee word.
- **Inleiding tot missionale gemeentewees. Aanlyn kursus** vir predikante, gemeentelidmate en lidmate. **Donderdae 3, 10, 17 en 24 Junie; en 1 en 8 Julie, 19:00-20:30**. R100 per persoon vir die 6 sessies, kursusmateriaal R600. Die kursusmateriaal is steeds by mev Karen Breedt (karen@nhk.co.za) beskikbaar teen R500 aangesien die Sentrum vir Gemeentelike Bediening gemeentes van die Kerk met R100 subsidieer. Registreer **hier**. Navrae: admin@freshafrica.org.za.

Barmhartigheid

- Die NHSV was verlede Saterdag, 22 Mei, 81 jaar oud. Mev Mari-lizé Beukes, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, het die volgende boodskap uitgestuur: “Die NHSV is vandag 81 jaar! Baie geluk aan ons NHSV vir dinamies vorentoe beweeg elke dag! Wat ’n voorreg om deel te wees van ’n vrouevereniging van Christenvroue wat met die talente wat ons Here ons gee en deur sy krag vir 81 jaar die Kerk en die gemeenskap om ons ’n beter plek te maak. Die monumente van geloof en liefde en omgee en dienswerk staan regoor ons land en getuig van God se goeie hart, sy werk en hoe Hy vroue gebruik om ander te seën. Die NHSV se leuse *Wees ’n seën* wys vir ons die pad aan in ons daaglikse dienswerk in die Kerk. Ek is trots en dankbaar om as vrouelidmaat by die NHSV betrokke te wees – gister, vandag en altyd!”

- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: *Tooi Turkoois vir Bejaardes*.** Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy. Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid.** Kom deel **Saterdag 29 Mei** in die **Gesinspretdag (Wind-Ex)** by Fakkelskool, Jan Smutsstraat 18, Sasolburg. Die dag skop om 09:00 af en sal tot laatmiddag aanhou. Dit is ’n **windbuksskietdag** – kom kyk hoe ’n goeie skut jy is! Daar is pryse te wen in verskillende kategorieë. Windbukse is daar en reg vir skiet. Daar is ook verskeie uitstallings, lewendige musiek, veteraanmotors en heerlike eetgoed. Jy wil dit nie misloop nie! **Jy kan ’n blinknuwe braaier of ’n mes of albei wen** teen R20 ’n kaartjie, of R50 vir drie kaartjies. Kontak Lisa-Mari by 083 943 4561 vir meer inligting.
- **Gemeente Oos-Londen: Word ’n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur ’n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911



Allegaartjie

“Die basiese dele van ons taal kan ons sonder veel oefening gebruik. Ons kan praat, handgebaar maak, die meeste van ons kan ’n pen vashou, die letters van die alfabet skryf, weet hoe om te tik. Maar as ek my hande in die lug swaai, beteken dit nog nie ek ken gebaretaal nie, en as ek soos Fred Mouton wil teken, moes ek lankal daarvan werk gemaak het. Passiewe nabootsing is nie genoeg nie. Om die woordeskat en grammatika van ’n taal goed genoeg te leer ken om werklik suksesvol te kommunikeer, verg aktiewe onderrig en doelbewuste, voortgaande oefening in lees en skryf.” (Jana Luther, mederedakteur van die *WAT*, in *Beeld*, 21 Mei 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir bejaardes

Vader, ons bid vir diegene wat sukkel om te onthou;
vir wie eens bekende gesigte nou vreemdelinge word,
en gekoesterde herinnerings verdwyn uit hul geheue.

Heer, gee begrip aan diegene wat sorg
vir hierdie kwesbare kinders van U.

Gee waardigheid aan ons geliefdes wat so ly.

Mag hulle weet en ervaar
dat u liefde hulle omring,
en mag elkeen van dié oomblikke,
al sou hulle dit spoedig vergeet,
gevol wees met vreugde.

Amen.

Engelse weergawe © John Birch, faithandworship.com
(Vertaal deur Tessa Oppermann)